TOULEIER

Boerewors en SA wyn in Hongkong

Hoofstuk 3 Deel 1 - Hongkong

Van ons beste en lekkerste herinneringe kom uit Hongkong. Dis vandag nog een van die heel veiligste stede in die wêreld. Toe ons in 1997 daar was, kon mens letterlik jou beursie laat val en die kanse is goed dat iemand dit dadelik sal optel en jou sal agternasit om dit vir jou terug te gee. Dit sê sommer baie van die gesindheid van die mense.

In Hongkong woon daar natuurlik geweldig baie mense in 'n klein gebied. Die meeste bly in woonstelkomplekse wat gewoonlik bestaan uit 'n hele groep toringgeboue wat gewoonlik so twintig vloere hoog is. Elke kompleks is eintlik 'n dorpie in die kleine.

Jy kry van banke tot haarkappers in hulle. Daar is amper ook altyd 'n binnenshuise swembad waar jy slegs volgens 'n vooraf opgestelde program mag gaan swem. Jy word ook nie in die water toegelaat sonder dat jy 'n swemkeps op het nie, al het jy ook nie eens hare nie. Dit geld vir almal, mans, vrouens en kinders en gaan glo oor higiëne.

As inwoner kan jy en jou gaste by die sentrale klubhuis gaan eet. Op sekere dae is daar die bekende Dim Sum, 'n tradisioneel Kantonese gereg wat bestaan uit 'n klomp klein opgekookte deegbondeltjies met verskillende soorte kos daarin. Die geëtery geskied in een enorme groot eetsaal.

Ons grootste probleem in Hongkong was te min slaap. Daar is net eenvoudig te veel om te doen om in een leeftyd in te pas.

Die stad slaap nooit, en jy kan tot in die vroeë oggendure nog 'n moltrein haal wat tot op die minuut betyds is. Hongkong word deurkruis deur 'n netwerk treine. As jy eers agtergekom het hoe alles werk en waarheen jy wil gaan, het jy geen ander manier van vervoer nodig nie.
Indien jy te lank kuier by jou gunsteling kroeg, is daar altyd die gewillige huurmotor wat jou teen 'n moewiese prys sal gaan aflaai. Dis ook net as jy jou adres in Sjinees geskryf vir hom kan wys. Om dit in jou bietjie fonetiese Sjinees te sê help net mooi niks. Hulle wil eenvoudig net nie verstaan nie!

Die ander gewilde vervoermiddel is die alomteenwoordige veerbote. Hulle is amper meer gereeld as die busdienste en kruis die hawegebied in alle rigtings. Veral tussen Kowloon op die vasteland en die hoofeiland. Hulle bedien ook die kleiner eilande en baie van die inwoners neem elke dag van hul lewe 'n boot werk toe.

In Hongkong kry jy letterlik enige kossoort wat bestaan. Daar is selfs 'n braai-vleis restaurant wat nie net boerewors bedien nie, maar ook Suid-Afrikaanse wyne. By die vismark kan jy jou eie vis of kreef of seeslang uitkies waar hy nog in die glastenk swem.

Ek het eers nie van breyani gehou nie, totdat ek dit vars geëet het in Sham Tseng. Die area is eintlik meer bekend is vir sy eend. Jy kruip so onder 'n stuk groen seil in en sit op plastiekstoele en bestel 'n bier.

Terwyl jy wag, gaan koop hulle jou hoendertjie vars by die mark en so 'n rukkie later weet jy jy het breyani geëet soos jy nooit weer op 'n ander plek sal kry nie. Ons was ook toevallig in Hongkong tydens die amptelike herinlywing by Sjina.

Tydens die oorhandigingseremonie het ons het van die beste vuurwerk-vertonings gesien wat mens jou kan indink. Dis beslis die modernste plek waar waar ons nog tot dusver gewoon het.

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Boeta, was hulle VERKEERD! (3)

"Niemand sal goeie geld betaal om binne 'n uur van Berlyn na Potsdam te reis wanneer hy dit gratis met sy perd kan doen nie."
- Koning Willem I van Pruise oor treine.

OPGETOOIDE PLOOI-OOI

ONTHOU JULLE NOG?

Die melkman het met sy elektriese karretjie van deur tot deur afgelewer en die koepons – soms sommer geld – as betaling geneem.

Die melk was in glasbottels en niemand het dit eers oorweeg om jou melk te steel nie.

En dit was nie juis duurder as winkelmelk in plastiekbottels nie.

Limeriek

Teen te veul alkohol in die bloet
Seuwe mire en 'n skulpad syn snoet
Met 'n koppie té
Ver di sike ingé
Sonder speuletjies, dit werk baing goet.

- Dirk Kamfer

Volksrympie

Dis die rooi span osse en die halftentwa:
Voor op die wa sit die vaalbaardpa.

Agter in die tint sit die ma met die kind.
Onder die wa draf die hond Geswind.

Voor die tou loop die swarte kriek.
Agter die wa sit die ysterbriek.

Die hotagteros heet Afrika.
Die haaragteros help die disselboom dra.

Die hot op vier is 'n pragtige dier.
Die haar op vier kom van Vetrivier.

Die hot op ses is 'n rooie met 'n bles.
Die haar op ses die heet Moles.

Die hot op agt die toon sy krag.
Die haar op agt die trek met mag.

Die hot op tien die laat hom sien.
Die haar op tien het sy plek verdien.

Die hotvooros is 'n ou koei se kalf.
Die haarvooros is 'n bees en 'n half.

Voel beter: 'n Slegte dag is darem net 24 uur lank.

gratis nuus in afrikaans
maroela media
afrikaanse nuus- en kuierplek
En daar is BAIE MEER as net nuus! www.maroelamedia.co.za

Duskantlander in Anderkantland

Modegrille en poeding-walletjies

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana

In Akkra sien jy gou as iemand nuut aanland. Hulle wikkel ongemaklik in satyn, poliëster of chiffon wat soos kondome aan hulle lywe vasplak. Nuwelinge staan uit soos 'n paal bo water - soseer dat die plaaslike mense na nuwelinge verwys as "*Johnny just come*". Binne 'n week besef jy hierdie bloedige humiede weer verdra net katoen en ligte linne as praktiese lap.

Hierso laat vaar jy die modegier ten gunste van prakties wees. Fyn sandaaltjies se bandjies oorleef nie ons sypaadjies nie. Stukkende skoentjies forseer jou om plastiek aanglipplakkies te koop.

As jy in die RSA 'n kantoorpoppie was en net swart pakkies in jou klerekas gehad het, gooi uit en koop bont Afrika-patrone. In Akkra trek mense net swart aan in 'n routydperk. Almal wil weet wie het gedood as jy swart aantrek. Strepe en blokke, skel pienk en oranje – Afrika skrik nie vir kleur nie.

Ons staar na mooi mense en verstaar onsself na modefratse. In Amsterdam se strate is daar slim borde wat lees: In warm weer – trek aan wat jou lyf pas en nie wat jou hart begeer nie! Hierso loer ons net en gooi die witoog-rol.

Om nuwerwets te probeer wees, help ook nie. Die mode aankopers van groot kettingwinkels is sekerlik almal pas gegradueerde modepoppies met nommer ses lyfies. Hier in Mr Price is daar lewensgrootte leuens geskrywe op fênsie borde wat uitbasuin: "*You can totally Rock This*". Maak wat jy wil, papaja pas nie in 'n piesangskil nie. Neem waar: daai stywe mannekynpoppe … daar's meer spelde en voue as tande in hulle monde; alles net om daai kleertjies mooi aan 'n nommer ses lyfie te laat lyk.

My Ma sê sweetpak-goed hoort net in gimnasiums en die fluweel soort lyk soos 'n geswete perd wat geroskam moet word. Toiings werk net vir rocksterre en wilde aandjies op tema-paarties. Vere loop met troues, doopkerk en matriekafskeid. En my Ma is nogals fênsie! As ek die self die reëls oortree, sorg ek dat alle leidrade daarvan nooit op sosiale media vasgelê word nie. My ma ken van Bakkiesboek!

Jare reeds weier ek om groter klere te koop, ek verneuk net my liggaam deur minder te eet. Ek vermy biltong, braaivleis, brood en soetpatats. Dis nie maklik nie. Gewoonlik lewer minder eet resultate na so 'n week, maar ek voel soos 'n armblanke as ek aand vir aand my leë wynglas aanstaar.

Tussen skoonma en ek heers 'n wapenstilstand. Sy weet ek kyk mooi na haar seun want hy lyk nie ondervoed nie. My hande ken my Vrystaat-man se hele lyf. Vanoggend besef ek die poedingwalletjies om sy heupe is besig om te verdwyn.

Dit laat my met 'n dilemma: Koop kleiner Diesel-denims vir hom, of bak meer gereeld poeding. Ek blameer sy nuwe roeimasjien wat my staan en tart in die eetkamer. Die ding is 'n antieke kontrêpsie, kompleet met verstellings vir meer pyn en lyding. Na vyf minute op die martelmasjien hyg hy soos 'n hartaanval op bestelling en ek sit ek met my vinger op die ambulansdiens se noodnommer. My swak hart – jy kry my nie op daai ding nie. Trek eerder die strop om die nek stywer. Nul per mond, vir nog 'n week.

My seun se bek moet nie aldag jêm kry nie. Dit moet met seep uitgespoel word want hy sê net wat hy dink. Ek dink ek is modieus, maar word vertel dat ek nou soos 'n ou tannie aantrek.

Ek reken my asimetriese langer lengte bloese verdoesel my rolletjies. Hy reken ek lyk soos 'n vlermuis wat aangefladder kom en my knieë het dimpels. Ek het nou 'n hele kas vol groen boerseep vir sy bek en 'n klerekas vol langer Capri's van Woolies. Dis 'n lang kortbroek wat die knieë se 'gesiguitdrukkings' geheim hou.

Dis Wêreldbekerrugby tyd, en basta met alle modes. Saterdag as die Bokkies op die veld uitdraf gaan ek daar sit met al my rolletjies, in my groen-en-goud hempie, vol wynglas in die hand, reg langs die braaivleisvuur!

'n Mens leer baie dinge wanneer jy jonk is, maar pas die kennis eers toe wanneer jy oud is.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

Mans word nie groot nie. Hulle ruil net bottels.

GOEIE OES

So 'n jong boertjie van Wes-Transvaal is skoon uit sy vel van vreugde toe die verpleegstertjie vir hom kom sê hy is pa van 'n klein 1 kg. babatjie.
"Nou hoekom is jy so opgewonde oor so 'n klein ou dingetjie?" wil die verpleegster weet.
"Ou sussie," sê die kêrel, "hier in die Wes-Transvaal is ons maar te dankbaar as ons elke jaar net ons saad terugkry!"

NIE GEDINK NIE

Die feminis sê aan die koerantverslaggewer: "Solank ons verdeeld en gesplete is, sal die man altyd bo wees."
Miskien het sy nie besef wat sy sê nie.

SKATTEJAG

'n Vrou maar haar voordeur oop toe iemand klop. Daar staan twee seuntjies met 'n lys.

"Tannie," verduidelik een van hulle, "Ons is op 'n skattejag.

"Ons moet nog drie koringkorrels, 'n stukkie varkbeen en 'n stukkie outydse koolstof bloupapier kry dan kan ons elkeen tien rand verdien."

"Sjoe," antwoord die vrou, "Wie op aarde stuur julle op so 'n moeilike skattejag?"

"Die meisie wat ons vanaand moe oppas se kêrel."

DIE WAARHEID WERK NIE!

Die baas het Woensdaemiddae 'n skelm verhouing met sy sekretaresse.

Op 'n dag oorspeel hulle hul tyd en hy moet gou 'n plan beraam. Hy smeer toe modder en gras aan sy skoene en gaan huis toe.

"En waar was jy die hele tyd?" vra sy vrou.

"Ek en my sekretaresse het 'n verhouding en ons was in haar bed," antwoord hy.

Ontstoke skree sy: "Jy lieg, jou vark! Jy het natuurlik weer gholf gespeel!"

DOBBEL

'n Plaaswerker steel `n skaap van `n boer. Die boer trek hom vas en gee vir hom 'n dobbelsteen.

"As jy van 1 tot 5 gooi, dan moer ek jou!" sê die boer.
Die skelm vra, 'En as ek 'n 6 gooi?'
Die boer antwoord, "Wel, die reëls sê dan kan jy weer gooi!"

Oom Jan Droëpan sê: "Sommige mense het net respek vir ouderdom as dit in 'n bottel is."

BC deur Parker

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

MOENIE LAG NIE!

JAPAN het 'n masjien ontwerp wat diewe vastrap. Hulle het dit in verskeie lande op die proef gestel:

AMERIKA – 20 diewe is in 30 minute gevang.

BRITTANJE – 500 diewe in 30 minute.

SPANJE – 25 diewe is in 20 minute aangetree.

GHANA (dit raak natuurlik erger) – 20 000 diewe in net 7 minute.

SUID-AFRIKA se masjien is binne 5 minute gesteel.

Ons het gesê julle moenie lag nie. As jy in elk geval gelag of dalk net geglimlag het, moet jy die storie met ander mense deel. Dankie!

Uiteindelik: Die waarheid oor alkohol en vet

Dit is 'n verligting om uiteindelik ná al daardie konflikterende studies die waarheid te weet.

Die **Japanese** eet baie min vet en het minder hartaanvalle as die Britte en die Amerikaners.

Die **Franse** eet baie vet en het ook minder hartaanvalle as die Britte en Amerikaners.

Die **Japanese** drink baie min rooi wyn en het minder hartsiektes as die Britte en Amerikaners.

Die **Italianers** drink vreeslik baie rooi wyn en het ook minder hartsiektes as die Britte en Amerikaners.

Die **Duitsers** drink baie bier en eet baie worse en vette en het minder hartaanvalle as die Britte en die Amerikaners.

Gevolgtrekking:
Jy kan eet en drink wat jy wil, dis die Engelspratery wat tot jou dood lei.

Koos en Japie sien 'n winskoop

Koos en Japie van Boksburg was vir die Curriebekereindstryd in Pretoria toe hulle hierdie kennisgewing in 'n winkelvenster sien:

Pakke klere – R30
Hemde R15 (net tweekleur)
Broeke R20

"Jislaaik!" sê Koos. "Ons kan mos 'n hele vrag klere koop en weer verkoop en 'n moerse wins maak!

"Luister nou, Boet, hou jou groot mond as ons ingaan. Laat my al die kibbelwerk doen en die pryse afstry. As jý praat, sal hulle weet ons is van Boksburg en dan vat hulle kanse met ons."

Hulle stap in en Japie sê in sy beste Pretoria-aksent:

"Ackskuus, meneer, ek wil grôg 50 von jou beste pôkke klere hê vir twintig rônd, 100 hemde teen vyftien rônd en 50 van jou broeke vir twintig rônd alck. Ack sal kôntônt betôl en ôlles sôm met my vôt ôs jui nie omgeu nie."

Die eienaar kyk die twee aan, en vra: "Julle twee is nie dôlk van Boksburg nie?"

"Er . . . m, ja," sê Japie. "Maar hoe het jy dit geweet?"

Eienaar: "Wônt hierdie winkel is 'n droogskoonmôker."

Twee kante van 'n huwelik

Die tipiese macho-man het met die tipiese aantreklike meisie getrou. Ná die huwelik het hy die volgende reëls neergelê:

"1. Ek kom huis toe wanneer ek wil, as ek wil.
2. Ek verwag dat daar dan 'n heerlike aandete gereed sal wees, tensy ek jou sê ek sal nie vir aandete tuis wees nie.
3. Ek sal saam met my vriende gaan jag, visvang, kaartspeel en suip en jy het niks daaroor te sê nie. Dit is my reëls. Enige kommentaar?"

Sy nuwe bruid antwoord: "Nee, dis goed so. Jy moet net verstaan, hier sal saans om sewe-uur seks wees - of jy hier is of nie."

As jou regte naam nie by jou pas nie: KIES 'N ANDER EEN!

DIT word gekies terwyl jy nog 'n embrio in jou ma se baarmoeder is en in die meeste gevalle bly dit jou hele lewe lank by jou.

Sommige is egter nie heeltemal tevrede met hulle s'n nie en soek een met meer koele vermetelheid. Soos Dido (Florian Cloud de Bounevialle Armstrong), Elton John (Reginald Dwight) en ons eie **Valiant Swart** (Pierre Nolte).

Plaaslike sterre

Koos Kombuis: André le Toit

Johannes Kerkorrel: Ralph Rabie

Roof Bezuidenhout: Andries Bezuidenhout

Chris Chameleon: Chris Mulder

Nataniël: Niel le Roux

Dowwe Dolla: Margit Meyer-Rödenbeck

Terwyl die meeste van ons en Jan Alleman maar vasbyt met onromantiese en minder koel name soos Liezel (wat 200 soort spellings het), Johan, Piet en Susan, kies akteurs, sangers en verhoogpersoonlikhede (of hul agente) dikwels iets meer glansryk.

Dink maar self aan die aandag wat Fokofpolisiekar met húl naam gekry het. Die hoofsanger van dié groep is ook nie **Francois van Coke** gedoop nie, maar Francois Badenhorst.

Wie gaan nou ook **Louis Pepler** se CD wil koop as jy Bok van Blerk se CD kan hê? Die naam waarsku jou ook sommer aan die begin dat dit op die Afrikaanse gehoor gemik is.
"Die naam is lekker op die oor en mense onthou dit. Dit het ook 'n konnotasie met die musiek wat jy maak," vertel Van Blerk.
Hoewel hy nie dié naam uitgedink het nie en dit al van skool af het, het hy steeds besef dit sal 'n lekkerder verhoognaam as Louis Pepler wees.

Dieselfde geld **Dozi,** deur sy ma as Henk Opperman geken.
"Die naam het hy gekry in sy dae as student by die Pretoriase Technikon.
"Hy het altyd so half slaperig gelyk, en vandaar die naam Dozi. Van toe af ken vriend en aanhanger hom as Dozi, dit pas by sy beeld," vertel sy bestuurder, Barry Pretorius.
Natuurlik is dit ook 'n meer bemarkbare naam as sy doopnaam, wat volgens Pretorius 'n bonus is.

Abie Strydom, beter bekend as Abel Kraamsaal, sê sý naam het 'n tweeledige doel.
"Die Kraamsaal-gedeelte het 'n dieper betekenis. Dis simbolies van die geboorteplek van my songs. Dit behoort mense ook 'n aanduiding te gee dat ek nie plat musiek maak nie, maar iets met *substance*," verduidelik hy.
Tweedens, sê Kraamsaal, is dít sy verhoogpersona.

"Ek het 'n ander persoonlikheid op *stage* as ek Abel Kraamsaal is. Wanneer ek langs die braaivleisvuur saam met my vriende kuier, is ek Abie. Ek tref 'n duidelike onderskeid."

Hy glo baie ander sangers en musikante skep 'n ander identiteit waarmee hulle optree.
"Dit gee jou meer selfvertroue op die verhoog."

Die wonderlike bril

Dis 'n waar storie, van twee onnutsige seuns (op daardie stadium was hulle in die hoërskool) wat hul jare lange huiswerker oortuig het om met 'n duikbril op haar oë uie te skil.

Sy het die duikbril ná elke uie skilsessie mooi gewas en veilig in die spens gebêre en was tog te beïndruk met die oulike apparaat wat so goed gewerk het. Sodra hulle vriende kom kuier het, is enige verskoning en/of gereg uitgedink sodat sy uie moes skil, waarop die seuns dan deur die kombuisvenster vir haar geloer het!

Niemand het ooit die moed gehad om haar te vertel waarvoor 'n duikbril eintlik gebruik word nie. Die ergste was dat hulle haar ook oortuig het om die snorkelgedeelte ook in haar mond te sit en so moes asemhaal, anders werk die "uie-bril" nie reg nie.

Stamboom

Help ons familiesoekers

DE VILLIERS jolandagrobler1@gmail.com
Jurie Johannes de Villiers. Gebore op 27 Desember in Korsten en oorlede Junie 1993. Dit is my biologiese vader. Ek is aangeneem in 1974.

ERASMUS tanyadiedericks@yahoo.com
Ek soek asseblief enige inligting oor Nicolaas Michiel Erasmus gebore 30/09/1882 oorlede 23/02/1955 in Boekenhoutkloof. Hy trou met Susare Johanna Botha gebore 17/06/1888. Oorlede 03/12/1931. Sy tweede huwelik was met `n tannie Miem. Hy is die seun van Pieter Johannes Erasmus gebore 12/04/1851 en Johanna Gertina van der Westhuizen. gebore 23/02/1853.

HOWARD vanashelen@gmail.com
Charles Henry Howard trou met Anna Botha en hulle het in Boksburg Noord gebly. Hy is gebore op 8 Augustus in Sabie. Hy was die oupagrootjie. Oupa was ook Charles Henry Howard gebore 15 November 1910 op Sabie. Hy was getroud met Catharina de Beer van Sabie. Sy was gebore op 2 Maart 19? Oupagrootjie het verhuis na Boksburg Noord en oupa verhuis na Pretoria. My pa was ook Charles Henry Howard gebore 3 Maart 1936 en hy was getroud met Helen Veronica van Tonder op 5 November 1954/5, en skei in 1968. Almal is oorlede. Oupagrootijie en pa is begrawe in Boksburg begrafplaas en ouma en oupa is in Pretoria begrawe. My ma is veras in Boksburg.

JOOSTE ysyffert@gmail.com
Ek soek inligting oor Maria Dorothea Elizabeth (née Pelser) Jooste gebore 23/01/1883. Sy het blykbaar n tweeling suster gehad. Sy is volgens die familie vermoor in Lindley tussen 1925 en 1930. Ek probeer agter die kap van die byl kom, maar loop my oral vas. Kan geen inligting oor die gebeure kry nie. Van haar kinders is na Bethelem weeshuis toe gestuur.

PELSER ysyffert@gmail.com
Op soek na inligting oor Maria Dorethea Elizabeth Pelser gebore 23/1/1883.

DIT LAAT JOU MOS DINK:

Daar is glo ongeveer 26 000 sjebiens in Suid-Afrika.

Die SA Brouerye lewer elke week genoeg kratte bier aan elkeen om hul besigheid te bedryf.

Daar is ook ongeveer 26 000 skole in Suid-Afrika, en na 'n jaar se beplanning kan die regering steeds nie handboeke aan hulle verskaf nie.

Ons het nie 'n vaardigheidskrisis nie.

Ons het 'n bestuurskrisis.

Die oplossing is baie eenvoudig:
Steek die hele kabinet in die pad en stel SAB se bestuur aan om die land te regeer!

As jy alkoholisme wil beveg, moet jy die Departement van Onderwys kry om die bier af te lewer.

As jy onderwys wil verbeter, moet jy SAB kry om die handboeke af te lewer.

Sommige mense is nie lojaal aan jou nie - hulle is lojaal aan hul nodigheid vir jou. As dit verander, verander hul lojaliteit ook.

Harde werk sal vorentoe beloon word; luiheid bring onmiddellike vreugde.

Hoe jy maak om nuwe werkers uit te plaas

1. Pak 400 bakstene in 'n kamer.
2. Sit jou nuwe werkers in die kamer en sluit die deur.
3. Laat hulle ses uur lank alleen.
4. Analiseer die situasie.

(a) As hulle besig is om die bakstene te tel, plaas hulle in die rekeninge-afdeling.

(b) As hulle die stene oor en oor tel, plaas hulle by ouditering.

(c) As hulle die hele plek met stene bemors het, sit hulle in ingenieurswese.

(d) As hulle die stene in 'n snaakse vorm herrangskik, sit hulle in beplanning.

(e) As hulle mekaar met die stene gooi - operasies.

(f) As hulle op die stene lê en slaap - sekuriteit.

(g) As hulle die stene in stukke gebreek het - inligtingstegnologie.

(h) As hulle ledig rondsit - menslike hulpbronne.

(i) As hulle sê hulle het verskillende kombinasies probeer, maar geen steen is verskuif nie - verkope.

(j) As hulle met mekaar sit en gesels en niks doen nie, sit hulle in topbestuur.

Ten slotte: As hulle hulself met die bakstene toegepak het sodat jy hulle nie kan sien of hoor nie - sit hulle in die regering.

Briljante Edison was 'n gestremde kind

Die geniale Thomas Edison het eendag van die skool gekom met 'n nota aan sy ma.

"My onderwyser het gesê ek mag dit net vir my ma gee," het hy gesê.

By die lees daarvan het sy ma se oë vol trane geskiet toe sy die briefie aan hom voorlees:

"Jou kind is geniaal. Hierdie skool is te klein vir hom en ons het nie genoeg goeie onderwysers om hom te leer nie. Leer hom asseblief self."

Sy ma het baie jare later gesterf, toe hy een van die grootste uitvinders van die 19de eeu was. Op 'n dag het hy in ou laaie gekrap en op 'n stukkie gevoude papier afgekom. Daarop was geskryf: "Jou seun is verstandelik gestrem. Ons kan hom nie meer in die skool toelaat nie."

Hy het ure lank gehuil en toe in sy dagboek geskryf:

"Thomas Alva Edison was 'n versdtandelik gestremde kind wat met die hulp van sy heroïese moeder die genie van die eeu geword het."

Uitvinder van die eeu

Edison is in 1847 gebore en het in 1931 gesterf.

Hy het in sy lewe 1 093 patente geregistreer – die meeste deur enige uitvinder in die geskiedenis.

Onder die belangrikstes tel die fonograaf, die rolprent-kamera en 'n gloeilamp met 'n lang lewe.

Baie van sy ander patente het hy opgekoop en verbeter, soos die telefoon en die tikmasjien.

Dis goed dat mens droom - anders het jy agt ure lank vir spek en boontjies in die bed gelê

AGTEROS

Net voor uitspantyd

So plêstiek soos Tupperware

Deur IVOR PRICE

Annerdag op een van daai aanstellerige gesellighede waar mens met ’n wynglas in die hand intellektuele gesprekke moet voer, pyl ’n bekende TV-aanbieder met ’n garnaal-samoesa in die hand op my af.

Sy wurm haar tot binne in die kringetjie mense wat, soos ek, al ten minste ’n kwartier moes luister na ’n Engelsman wat beweer hy weet van ’n skandaal wat selfs die geelpers sal laat bloos.

Hoewel ek nie juis te mal oor die betrokke TV-mêrrim is nie, is ek bly toe sy my eenkant trek om my op albei wange te soen en daarna te vra hoe dit met my ouers se gesondheid gaan.

“Was nog nooit siek nie,” antwoord ek, wetend dat sy nog nooit die voorreg gehad het om my ouers te ontmoet nie. Om die waarheid te sê, ons twee het nog nooit eens oor hulle gepraat nie. Sy sit maar net ’n act op.

In ons daaropvolgende gesprek oor wie pas vir wie die liederlikste kyk gegee het en waarom, kom ek agter die einste mêrrim wat die volk betower met haar mooi gesig en taalgebruik, is besig om in ’n ander aksent met mý te praat.

’n Kaapse aksent, oor sy vermoedelik aanvaar het ons is albei bruin en praat daarom met ’n ander tong sodra daar nie wit mense in die omtes is nie. Sy djy en djou en gaan só tekere dat ek in ’n sekere stadium wens die miljoen of meer mense wat haar van die TV ken, was almal brommers op die fensie hotel se mure.

En wragtie, elke keer wanneer dit lyk of mense ’n bietjie ligter van gelaat as ons twee effe nader staan, begin sy weer woorde uitspreek op ’n manier wat ek nog net op die TV gehoor het.

Soos die duiwel dit wil hê, land ek ’n paar dae later in ’n gesprek waar iemand voorstel dat die betrokke glanspersoon na ’n gedoente genooi word. ’n Bolander van geboorte – wat glo sukkel om Afrikaans te praat vandat sy in die oorwegend Engelse advertensiebedryf werk – sê toe sy sou haar beslis nie nooi nie, ’cause she’s so plastic, she’s Tupperware.

Die aanstellerige aksentjie is ’n gesprek vir ’n ander dag, maar ek het wel later besef dat ons in ’n rasbehepte land soos Suid-Afrika al só daaraan gewoond is om mense in boksies te plaas dat ons dié wat anders optree as wat ons sou verwag, as pleinweg vreemd ervaar.

Dit is boonop belaglik om die intensiteit van mense se etnisiteit volgens hul taalgebruik te beoordeel. Taal bepaal mos nie jou ras nie, of doen dit?

Waar ek wel met die (ewe pretensieuse) Bolander saamstem, is dat bruines nie moet voel hulle moet op ’n sekere manier praat om sukses in veral die Afrikaanse sakewêreld te behaal nie.

Doen hulle dit nie, moet hulle ten minste die ordentlikheid hê om selfs in hul slaap hul woorde uit te spreek asof ’n samoesa in hul kies vassit.

■ Ivor Price is ’n SABC2-nuusleser en mede-aanbieder van Monitor, weekoggende op RSG.

Die volgende Kammanuus is
op 2 November 2015